15. DIAKONALE SAKE
15. DIACONAL AFFAIRS

15.1 RAPPORT 1 – DEPUTATE SDDS – DIAKONALE INRIGTINGS (Artt 127, 128)

15.1 REPORT 1 – DEPUTIES SDDS – DIACONAL INSTITUTIONS (Arts 127, 128)

A. Ds MJ Erasmus stel die Rapport.
Rev MJ Erasmus tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag (Acta 2003:146, 2.2)	**1. Mandate (Acta 2003:146, 2.2)**
1.1 Die Deputate beheer alle diakonale inrigtings van die GKSA in samewerking met die plaaslike kerk in wie se ressort die bepaalde inrigting sorteer.	1.1 The Deputies are to manage all diaconal institutions of the GKSA, in cooperation with the local church in the area of the relevant institution.
1.2 Om ten opsigte van diakonale inrigtings koördinerend op te tree, met die kerkverband te skakel, geldelike hulp te bied, die administrasie en organisasie deur 'n Skakeldeputaat te reël, ingesamelde gelde vir die inrigtings te administreer.	1.2 The Deputies are to play a coordinating role with diaconal institutions, communicate with the churches, offer financial assistance, arrange administration and organisation through the Liaison deputy; and administrate collected monies for the institutions.
1.3 Om as verteenwoordigers van die kerkverband alle eiendomme wat kragtens sy opdrag verkry is, te beheer en in die regte belang daarvan op te tree.	1.3 Manage and act in the best interest of all property entrusted to the Deputies, as representatives of the GKSA.
1.4 Om pro-aktief op te tree deur skakeling en koördinering van alle diakonale werksaamhede van die GKSA.	1.4 Act pro-actively in the communication and coordination of all diaconal operations of the GKSA.
1.5 Om te skakel met die owerheid en ander barmhartigheids- en liefdadigheidsinrigtings volgens KO, art 26.	1.5 Liaise with the authorities and other charities, in accordance with CO, art 26.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.5 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.5 noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod take note of**
2.1 *Skakeling na binne*	2.1 *Internal liaising*
2.1.1 Die tydige beskikbaarstelling van finansiële inligting. Die Administratiewe Buro het die finansiële administrasie van SDDS oorgeneem (Acta 2003:149, 3.1) en bystand aan die Tehuise en die Bestuur van SDDS op dié terrein verleen.	2.1.1 Financial information was provided timeously: The Administrative Bureau assumed the financial administration of the SDDS (Acta 2003:149, 3.1) and offered assistance to the Care Homes and Management of the SDDS on this terrain.
2.1.2 Die opstel van die nodige begrotings en beskikbaarstelling van maande-	2.1.2 The necessary budgets were drafted and the monthly financial information

likse finansiële inligting.	was made available.
2.1.3 Telefoniese skakeling met die Tehuise asook besoeke een tot twee keer per jaar.	2.1.3 Telephonic liaising occurred with the Care Homes and were visited once or twice per year.
2.1.4 'n Voordrag is by een Diakonale Kongres gelewer. Om verskeie redes, hoofsaaklik finansieël, het die hou van hierdie kongresse in onbruik verval.	2.1.4 A presentation was made at a Diaconal Congress. These congresses ceased for a variety of reasons, predominantly financial.
2.1.5 Briewe is aan diakonieë en Kerkrade oor verskeie sake gerig. Die Deputate kan getuig dat daar wisselende reaksie op skrywes is. Aan die een kant wil dit voorkom of briewe somtyds nie die nodige aandag geniet nie. Aan die ander kant is daar oorweldige steun ten opsigte van sommige briewe. Dit wil dus voorkom of dit vir diakonieë en lidmate ook gaan oor die meriete van 'n saak.	2.1.5 Letters were sent do deaconates and Church Councils regarding a range of matters. The correspondence received varied response. Some letters didn't receive the necessary attention, while some received a great deal of support. It would seem that it's about the merit of a matter for deaconates and members.
2.2 *Skakeling na buite*	2.2 *External liaising*
2.2.1 <u>Skakeling met die Owerheid</u> Die Kinderhuise het direk, waar nodig, met Provinsiale Departemente van Welsyn geskakel. In 'n toenemende mate word ongemak tydens onderhandelinge met amptenare ondervind.	2.2.1 <u>Liaison with the authorities</u> The Orphanages liaised directly, where necessary, with Provincial Departments of welfare. Negotiations with officials are becoming more and more uncomfortable.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.1 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.2.1 noted.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit <u>Aanbeveling</u> Die te benoemde Deputate die opdragte (punt 1) kontinueer.	**3. Matters that the Synod decide on** <u>Recommendation</u> It is recommended that the appointed Deputies continue with the instructions of the mandate (point 1).
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**

D. **AANVULLENDE RAPPORT / SUPPLEMENTARY REPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem Br CJH Kruger het aangedui dat hy, na 29 jaar se betrokkenheid, voortaan nie verder op die Bestuur van SDDS kan dien nie. Oom Cas, soos hy alom bekend is, het diep spore in die SDDS en veral Glenzicht Aftree-oord getrap. Met sy deeglikheid, besondere kennis oor baie sake en bereidwilligheid om altyd te help sal br Cas beslis 'n leemte in die SDDS laat. Die Bestuur van SDDS wens br Cas en sy eggenote, sr Liesbet, 'n geseënde en welverdiende "aftrede" toe.	**1. Matters that Synod take note of** Br CJH Kruger indicated that he, after 29 years, is no longer able to serve on the management of the SDDS. Oom Cas, as he is widely known, made his mark at the SDDS and especially Glenzicht Retirement Village. His thoroughness, wide-ranging knowledge and willingness to offer a hand will be sorely missed at the SDDS. The management of SDDS wishes Br Cas and his spouse, Si Liesbet, a blessed and deserved "retirement".
Besluit: Punt 1 kennis geneem.	**Decision: Point 1 noted.**

2. Sake waaroor die Sinode besluit Aanbeveling Kennis geneem. **Besluit: Punt 2 met dank kennis geneem.**	**2. Matters that the Synod decide on** Recommendation Note is to be taken. **Decision: Point 2 noted with thanks.**